# KONINKRYKSTYD

**Koninkrykstyd strek vanaf Pinkster tot Advent.**
Laai die DinkJeug Families app af. Luister, lees, gesels en bid saam.



## HUISGELOOF

### WYSHEID
### 1 KON 3 EN ROM 8

## OMGEE

Kry 'n dobbelssteen en antwoord telkens die vraag wat met die nommer wat jy gooi ooreenstem:

1. Gunsteling OT verhaal
2. Gunsteling NT storie
3. Gunsteling teks
4. Gunsteling Bybelliedjie
5. Gunsteling Psalm
6. Gunsteling wonderwerk

## GESELS

Koning Salomo kan kies wat die Here vir hom moet gee:
**Lees: 1 Kon 3:5-12**

- Watter 3 dinge kies Salomo nie? (vers 11)
- Watter drie dinge sal mense vandag graag kies?
- Lees weer vers 9: Waarvoor vra Salomo?
- Lees vers 13: Wat sê dit vir jou van die Here?
- Wat sal die regte ding/die wyse ding wees om vandag van die Here te vra?

## DOEN

Lees **Rom 8:26-39**. Kies een vers/belofte waaraan jy wil vashou en skryf dit neer.
Plaas dit by die Koninkrykstyd-uitstalling saam met **'n oop Bybel** as 'n simbool van die Here wat ons deur sy Woord wysheid gee.

## BID

Dankie dat U vir ons lei deur u Woord om met wysheid te leef ...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: